'n V O L lewe

'n Lewenskets deur Madelaine van Heerden

Vandag is die eerste dag van die week en dis soos gewoonlik *navy*-blou op Dombietersfontein. As my kantoor maar net kon praat, het ek dalk vanjaar 'n groter treffer as Jake White op die Kersfeesrakke gehad.

Die telefoon lui kort-kort, want daar lê 'n boeredag voor en Gawie wag hoeka vir sy skyfiereeks wat hy dan moet aanbied. Soos gewoonlik marsjeer my daaglikse e-posse een-vir-een vir aandag in. Ek beantwoord vrae, verskaf inligting en maak voorstelle waar ek kan. So tussendeur word kosgemaak, kaartjies ten bate van die skool se fondsinsameling gesmous en aan die plaas se boeke gewerk, want die papierwerk moet more gepos word. Om alles te kroon wag Danie vir hierdie pennevrug, want sy MerinoFokus moet klaar en ek kan hoor hoe my drie "blomme" in die sonkamer stry.

As ek my maar kom kry – het ek te veel hooi op my vurk. Kla help dus niks nie. Ek moet werk maak van my take. Asof gestuur, kry ek 'n stukkie in die pos oor die *mayonnaise* fles. Blykbaar net die regte doepa vir sulke dae soos vandag: wanneer dinge te veel raak om te hanteer en 24 ure net nie genoeg is om alles klaar te kry nie. Ek begin dus ywerig lees van 'n professor wat voor sy Filosofieklas staan met 'n paar interessante items voor hom.

Hy skop sy les af deur 'n groot, leë *mayonnaise* fles nader te trek en met gholfballe te vul.. "Is die fles vol?" wil hy by sy studente weet. Almal is dit eens - dit is vol. Hy trek toe 'n houer met klein spoelklippies nader en begin dit in die fles gooi. Met 'n sagte skud of twee rol die klippies in die oop areas tussen die balle in. Weer vra hy of die fles vol is, en almal stem.

Volgende is 'n hopie sand aan die beurt. Natuurlik is daar ook plek daarvoor en dit vul die res van die fles tussen die klippies en balle. "Is die fles nou vol?" wil die professor weet. "Ja!" kom dit volmondig van sy klas. Die grysaard haal toe twee koppies koffie onder sy tafel uit en gooi die inhoud in die fles in. Die studente was dit nie te wagte nie, en lag tog te lekker.

Toe die klas tot bedaring kom, deel die professor die "storie agter die storie" met hulle. Die fles verteenwoordig elke mens se lewe. Die gholfballe is die belangrikste aspekte van ons bestaan soos geloof, familie, ons kinders, gesondheid, vriende en 'n gunsteling tydverdryf. Soveel so dat sou jy alles verloor, maar hierdie bly staan - jou lewe nog vol sou wees. Die spoelklippies is verderre goed van belang soos jou werk, huis en wiele. Die sand is die res – die nietighede.

Sou die professor egter die fles eerste met die sand gevul het, sou daar nie plek gewees het vir die klippies en gholfballe nie. Dieselfde geld vir ons lewens. As ons al ons tyd en energie aan nietighede bestee, sal daar nie plek wees vir dit wat die belangrikste in ons lewens is nie. Gee dus aandag aan dit wat onlosmaaklik deel is van 'n gelukkige lewe. Speel met jou kinders, neem jou liefdesmaat uit vir ete, besoek die dokter, en speel nog 18 putjies. Daar sal altyd tyd wees om die skottelgoed te was, en huis skoon te maak. Sorg dus eerste vir die gholfballe in jou lewe - dit wat saakmaak. Die res is net sand!

Maar wat verteenwoordig die twee koppies koffie dan, wil 'n student weet? Die professor antwoord met 'n glimlag: "Dit wys jou net. Maak nie saak hoe vol jou lewe is nie, daar is altyd tyd vir 'n koppie koffie saam met goeie vriende." Nou ja, op hierdie noot gaan ek 'n koppie boeretroos maak, want my beste vriend is oppad. Ek hoor hoeka die dieselbakkie buite dreun.

Sheep trivia

Some things you might (or might not) know about sheep:

- The sheep industry began in central Asia over 10,000 years ago. Spinning started in 3500 B.C.
- In biblical times, wool was left outside at night to absorb the dew and wrung out in the morning.
- There are 137 meters of wool yarn in a baseball
- One mature ewe produces 3 to 5 kilograms of newly shorn wool a year - enough to make a man's suit
- Half a kilogram of wool can be spun into 30 kilometres of fine yarn
- The small intestines from 11 sheep are needed to string 1 tennis racket
- Lamb is the lowest in cholesterol of all red meats
- When Woodrow Wilson was American President, the First Lady had sheep graze on the White House lawn to keep it neat and well trimmed
- American President James Madison wore an inaugural jacket made from the wool of sheep raised on his Virginia farm
- Sheep have poor eyesight but an excellent sense of hearing
- If you see a sheep on its back, lend a hand! A sheep can't get up from that position. If left on its back too long, it will eventually die
- Sheep have good long-term memory (relative) especially with respect to unpleasant experiences.
- And a type of sheep you wouldn't rely on for your wool cheque: Soay… these sheep shed their wool naturally in the spring